

Leipieland

Kwartaal 1 Yskasbrief 2 15 Januarie 2019

Onthou om voor in u kind se dagboek te teken vir die ontvangs van die yskasbrief.

Welkom in Leipieland!

Hiep Hiep Hoera!

Baie geluk met die volgende maatjies se verjaarsdae:

15 Januarie – Phillip
17 Januarie – Himme
20 Januarie – Deon
21 Januarie - Liané

Afskrifte van dokumente

Indien u nog nie die volgende afskrifte van dokumente skooltoe gestuur het nie, stuur dit asb so gou as moontlik.

- ID dokument x 2
- Mediesefonds kaart x 2
- Geboortesertifikaat
- Immuniseringskaart



Kosblikke

Onthou dat geen lekkergoed gedurende die week (Maandag – Donderdag) toegelaat word nie.

Pak asb genoeg gesonde kos vir twee pouses in.

Tuisaktiwiteite

Die boeke word vandag huistoe gestuur met 'n aktiwiteit. Plak asb die aktiwiteit in u kind se boek. Die boeke moet weer Maandag by die skool wees.

Onthou R7 vir snoepie Vrydag!

Speelgoed word nie by die skool toegelaat nie!!

Wagklas

Wagklas is slegs vir kinders wat boeties of sussies in die skool het.
Wagklas is tot 13:40.
Geen ouers mag op ons terrein wag vir ouer leerders nie.

Geen Graad R maatjie, boetie of sussie mag voorskool op ons speelgrond speel nie want dit is 'n veiligheidsrisiko.
Die onderwyseresse is eers van 07:00 af beskikbaar in hul klasse.
Ons vra asb elke ouer se samewerking. Baie dankie.

Individuele foto's

Ons fotodag vind 23 Januarie Woensdag plaas. Al die leerders word afgeneem vir skoolrekord doeleindes. Die Graad R leerders moet asb hul Leipieland hempies aantrek. Meer inligting volg in volgende week se yskasbrief.

Tema: Ek

Klank: s

Getal: *1*, een

Sigwoord: ek

Wagklas die week: Juffrou Lelani (Besieklas)

Wagklas volgende week: Juffrou Belinda (Bokkieklas).